

## **Sondag 3 September**

**Skrifgedeelte: Galasiërs 5:22 – 6:10 (AFR83)**

**Fokusgedeelte: Galasiërs 6:2**

**Jesus Christus het jou sondelas gedra sodat jy ootmoedig ander se laste kan dra**

'n Lewe sonder gemeenskap met jou medegelowiges is ondenkbaar, want die mens is geskep om in verhouding met God en met sy naaste te lewe. 'n Outonome lewe is onvrugbaar en verbreek verhoudinge wat die lewe mooi kon maak.

Wie deur die Gees lewe, leef in gemeenskap met God en met sy naaste en dit bepaal dat jy met deernis en liefde jou medegelowige moet help as hy struikel en in sonde val. Moenie hooghartig oordeel en jou medemens in sy sonde los nie, maar ondersteun en help hom om sy las te dra. Dra mekaar se laste en laat 'n ander toe om jou las te dra. Wie afhanklik van God leef in besef van sy eie swakheid en sonde, het die voorreg om deel te neem aan die gemeenskap van die gelowiges en so saam die liefde van God te beleef.

Waak daarteen om hooghartig te wees en ander te veroordeel, want jy is ook 'n sondaar wat deur die liefde en deernis van Christus verlos is. Hy, wat sondeloos was, het altyd die sondaar met deernis aanskou en sy liefde onvoorwaardelik gegee deur Homself te offer op Golgota vir ons. Hy het ons laste gedra en daarom moet ons mekaar se laste dra, want so gee jy uitvoering aan die wet van Christus.

Wie in besef van sy eie gebrokenheid sy medemens ophelp wanneer hy struikel, word nooit moeg om goed te doen nie. Wat jy saai, gaan jy ook oes. Wie op die akker van die Gees saai, sal van die Gees die ewige lewe oes. Wie in gemeenskap met God en sy naaste lewe, sal die ryke oes van God se genade insamel op sy bestemde tyd.

*Sing: Psalm 133-2:1, 2*

*Dr. SJ van der Merwe (Sarel) (emeritus)*